

Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINSIE WES-KAAP

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

Buitegewone Provinsiale Koerant

8391

Maandag, 22 Februarie 2021

Esongezelelo kwiGazethi yePhondo

8391

uMvulo, 22 kweyoMdumba 2021

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Ibhaliwe ePosini njengePhephandaba

INHOUD

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

Provinsiale Kennisgiving

Die volgende kennisgiving word vir kommentaar gepubliseer:

15 Konsepregulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021	2
---	---

Enige persoon of organisasie wat op die Konsepregulasies kommentaar wil lewer, word versoek om die kommentaar voor of op 26 Februarie 2021 skriftelik in te dien—

(a) deur die kommentaar te pos aan:

Mnr DD Louw
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Privaat Sak X9114
Kaapstad 8000;

(b) deur die kommentaar af te lewer aan:

Mnr DD Louw
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
18de Vloer, Goue Akker-gebou
Adderleystraat 9
Kaapstad 8001; of

(c) deur die kommentaar te e-pos na:
Deon.louw@westerncape.gov.za.

Navrae kan gerig word aan CE Davids by tel.:
021 467 2654 of per e-pos na:
Estelle.davids@westerncape.gov.za.

IZIQUULATHO

(*Ushicilelo oLutsha lufumaneka kwigumbi M21, kwiSakhiwo sePhondo seNdlu yoWiso Mthetho, 7 Wale Street, eKapa 8001.)

ISaziso sePhondo

Olu Qulunqo loMthetho osaYilwayo lupapashelwa ukufumana izimvo zoluntu:

15 IiNkqubo zoSungulo noLwanyulo lweZigqeba zoLawulo kwiMigaqo yoQulunqo kwiZikolo zikaWonkewonke, 2021	39
---	----

Nabani na okanye nawuphi na umbutho onqwelenla ukuvakalisa izimvo ngolu Qulunqo lweMigaqo uyacelwa ukuba afake izimvo zakhe ezibhaliweyo phambi okanye ngomhla wama-26 kweyoMdumba 2021—

(a) ngokuposela izimvo zakhe ku:-

Mnu. DD Louw
Western Cape Education Department
Private Bag X9114
Cape Town 8000;

(b) ngokuthumela izimvo ku:-

Mnu. DD Louw
Western Cape Education Department
18th Floor, Golden Acre Building
9 Adderley Street
Cape Town 8001; okanye

(c) ngokuthumela izimvo nge-imeyili ku:-
Deon.Louw@westerncape.gov.za.

Imibuzo ingathunyelwa kuNks. CE Davids, umnxeba:
021 467 2654 okanye nge-imeyili:
Estelle.davids@westerncape.gov.za.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

MNR H.C. MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika izimvo.

GQIR H.C. MALILA,
MLAWULI-JIKELELE
ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINSIALE KENNISGEWING**WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT**

P.K. 15/2021

22 Februarie 2021

KONSEPREGULASIES VIR PROSEDURES VIR DIE INSTELLING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAME BY OPENBARE SKOLE, 2021

Die Provinsiale Minister van Onderwys in die Wes-Kaap het, kragtens artikel 24, gelees met artikel 63, van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), is van voorneme om die regulasies uiteengesit in die Bylae te maak.

BYLAE**INDELING VAN REGULASIES***Regulasies*

1. Woordomskrywing
2. Samestelling van beheerligaam
3. Ongeskiktheid om as lede in beheerligaam te dien en diskwalifikasie van beheerligaamlede
4. Keuring
5. Ampstermy van lede van beheerligaam
6. Vakatures in beheerligaam
7. Ontbinding en hersamestelling van beheerligaam
8. Stemreg
9. Wyses van verkiesing
10. Skoolkiesbeamppte
11. Pligte van skoolkiesbeamppte
12. Pligte van distrikskiesbeamppte
13. Pligte van provinsiale verkiesingskoördineerde
14. Gedragskode
15. Kieserslyste
16. Datum, tyd en plek van benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing van ouerlede
17. Kennisgewing van benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing van ouerlede
18. Benoemingsproses in handmatige verkiesing
19. Stemming by verkiesing van ouerlede in handmatige stemming
20. Rol van skool in besluit op e-verkiesing
21. Benoemingsproses vir e-verkiesing
22. Stemming tydens e-verkiesing

23. Tel van stemme tydens e-verkiesing
24. Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede
25. Stemming by verkiesing van opvoederlede
26. Benoeming en verkiesing van nie-opvoederlid
27. Benoeming en verkiesing van leerderlede
28. Besluite van skoolkiesbeamppte
29. Besluite van distrikskiesbeamppte
30. Prosedure na verkiesing van beheerliggaam
31. Eerste vergadering van beheerliggaam
32. Komitees
33. Vergaderings van beheerliggaam
34. Notule van verrigtinge van vergaderings
35. Oorgangsbepalings
36. Herroeping
37. Kort titel

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy daar anders bepaal word, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

- “**benoemingbekragtigingsvergadering**” 'n vergadering beoog in regulasie 16(1)(a)(i);
- “**borgliggaam**” 'n liggaam wat finansiële steun aan 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes verskaf;
- “**dag**” enige dag, wat 'n Sondag, 'n openbare vakansiedag, 'n dag wat in 'n skoolvakansie val en 'n dag wat in 'n spesiale skoolvakansie val, uitsluit;
- “**die Wet**” die Wes-Kaapse Provinciale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997);
- “**distrikskiesbeamppte**” 'n senior distriksbeamppte by 'n onderwysdistrikskantoor wat verantwoordelik is vir toesig oor en bestuur van die verkiesingsproses in die distrik;
- “**e-stemlokaal**” 'n stemlokaal vir e-stemming;
- “**e-stemming**” om 'n stem in 'n e-verkiesing uit te bring;
- “**e-verkiesing**” 'n verkiesing van 'n beheerliggaam waar elektroniese wyses in een of meer stadia gebruik word;
- “**gewone skool**” 'n skool wat nie 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes is nie;
- “**hoogs ontwrigtende gebeurtenis**” 'n gebeurtenis, hetsy 'n voorsiene of onvoorsiene gebeurtenis, wat die normale skoolfunksies, -bedrywighede of -prosesse ontwrig, en wat die ontworteling of diskontinuïteit van die skool se normale sake tot gevolg het;
- “**kworum op die vergadering**”, met betrekking tot 'n vergadering van die beheerliggaam, 'n kworum soos beoog in regulasie 33(7);
- “**leerder**” enige persoon wat onderrig vanaf grade 8 tot 12 by 'n openbare skool ontvang;
- “**lid**” 'n lid van 'n beheerliggaam;
- “**nie-opvoeder**” 'n persoon, uitgesonderd 'n opvoeder, wat in 'n permanente of kontrakhoedanigheid by 'n skool ooreenkomstig die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is;

“nie-stemgeregte gekoöpteerde lid”—

- (a) die eienaar van die eiendom of sy of haar benoemde indien die skool op ’n private eiendom geleë is; of
- (b) ’n persoon wat gekoöpteer is om sekere verantwoordelikhede na te kom;

“ouer”—

- (a) die ouer of voog van ’n leerder;
- (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir ’n leerder; of
- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ’n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom;

“provinsiale verkiesingskoördineerder” die senior amptenaar van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement wat verantwoordelik is vir die bestuur van die verkiesing van beheerliggame in die provinsie en wat as provinsiale verkiesingskoördineerder deur die departementshoof aangewys is;

“skool” ’n gewone openbare skool of ’n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes;

“skoolkiesbeampte” ’n kiesbeampte aangestel ingevolge regulasie 10(1);

“skoolkiesspan” die skoolkiesbeampte tesame met die persone wat ingevolge regulasie 10(3) aangestel is om die skoolkiesbeampte by te staan;

“skoolvakansie” ’n skoolvakansie beoog in die Skoolkalender vir Openbare Skole soos bepaal deur die Nasionale Minister ingevolge artikel 3(4)(k) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996);

“spesiale skoolvakansie” ’n spesiale skoolvakansie beoog in die Skoolkalender vir Openbare Skole soos bepaal deur die Nasionale Minister ingevolge artikel 3(4)(k) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996;

“stelsel”, met betrekking tot e-verkiesings, die elektroniese stelsel wat vir daardie verkiesings gebruik word;

“stemgeregte lid” ’n lid wat stemreg het;

“tweede-in-bevel” ’n adjunkprinsipaal of die opvoeder by ’n skool met die tweede hoogste rang.

Samestelling van beheerliggaam

2. (1) Behoudens subregulasie (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van ’n gewone sekondêre skool, middelbare skool of gekombineerde skool bestaan uit—

- (a) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
- (b) twee opvoeders by die skool;
- (c) een nie-opvoeder by die skool;
- (d) twee leerders in die agste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere; en
- (e) die prinsipaal.

(2) Behoudens subregulasies (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van ’n gewone primêre skool met ’n dienstaat van drie of meer opvoeders en een of meer nie-opvoeders bestaan uit—

- (a) vyf ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
- (b) twee opvoeders by die skool;

- (c) een nie-opvoeder by die skool; en
- (d) die prinsipaal.

(3) Behoudens subregulasie (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder bestaan uit—

- (a) twee ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie; en
- (b) die prinsipaal.

(4) Behoudens subregulasie (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van een opvoeder en een nie-opvoeder bestaan uit—

- (a) drie ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
- (b) die prinsipaal; en
- (c) die nie-opvoeder by die skool.

(5) Behoudens subregulasie (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van 'n gewone primêre skool met 'n diensstaat van twee opvoeders en een nie-opvoeder bestaan uit—

- (a) vier ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie;
- (b) die prinsipaal;
- (c) die opvoeder by die skool wat nie die prinsipaal is nie; en
- (d) die nie-opvoeder by die skool.

(6) Behoudens subregulasie (23) en regulasie 7(4) moet die beheerliggaam van 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes bestaan uit—

- (a) sewe ouers wat nie by die skool in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement of die beheerliggaam is nie, indien redelikerwys doenlik;
- (b) twee opvoeders by die skool;
- (c) een nie-opvoeder by die skool;
- (d) twee leerders in die agtste graad of hoër, gekies deur die verteenwoordigende raad van leerders vanuit sy geledere, indien redelikerwys doenlik;
- (e) die prinsipaal;
- (f) een verteenwoordiger van borgliggame, indien van toepassing;
- (g) een verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoeftes, indien van toepassing;
- (h) een verteenwoordiger van organisasies van gestremde persone, indien van toepassing;
- (i) een persoon met 'n gestremdheid, indien van toepassing; en
- (j) een deskundige op gepaste gebiede van spesiale onderwysbehoeftes.

(7) Geen besluit geneem deur 'n beheerliggaam of stap gedoen op gesag van 'n beheerliggaam is ongeldig bloot omdat 'n vakature in daardie beheerliggaam bestaan het of omdat iemand wat nie daarop geregtig was om as 'n lid van daardie beheerliggaam sitting te neem nie in daardie beheerliggaam as sodanige lid sitting geneem het op die tydstip waarop die besluit geneem is of die stap gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur 'n kworum van die beheerliggaam wat op daardie tydstip in sitting was nie.

(8) 'n Beheerliggaam mag nie-stemgeregtigde gekoöpteerde lede koöpteer.

(9) Behoudens subregulasie (10) en regulasie 6(11) het gekoöpteerde lede nie stemreg in die beheerliggaam nie.

(10) Indien daar 'n vakature in die getal ouerlede is soos beoog in subregulasie (1), (2), (3), (4) of (5) moet die beheerliggaam 'n ouer met stemreg tydelik koöpteer.

(11) Indien 'n ouer gekoöpteer word met stemreg soos beoog in subregulasie (10) staak die koöptering wanneer die vakature gevul is by wyse van 'n tussenverkiesing, wat binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het, gehou moet word ooreenkomsdig dieselfde procedures as dié vir die verkiesing van ouerlede soos in hierdie regulasies uiteengesit.

(12) Indien die tussenverkiesing beoog in subregulasie (11) nie binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het gehou word nie, kan die beheerliggaam 'n ouer met stemreg koöpteer vir 'n verdere 30 dae ná die datum van verstryking van die tydperk van 90 dae, tydens welke tydperk die tussenverkiesing gehou moet word.

(13) As die tussenverkiesing beoog in subregulasie (11) weens 'n hoogs ontwrigtende gebeurtenis nie binne 90 dae gehou word nadat die vakature ontstaan het nie, kan die beheerliggaam 'n ouer met stemreg koöpteer vir 'n verdere 90 dae ná die datum van verstryking van die tydperk van 90 dae.

(14) Indien, ná die verdere tydperk van 90 dae soos beoog in subregulasie (13)—

- (a) die hoogs ontwrigtende gebeurtenis ten einde geloop het, word die koöptering vir 'n verdere 30 dae verleng waartydens die tussenverkiesing gehou moet word; of
- (b) die hoogs ontwrigtende gebeurtenis voortduur, word die koöptering vir 'n verdere 90 dae verleng of tot tyd en wyl tussenverkiesings gehou kan word, wat ook al die vroegste is.

(15) Die benoemingbekragtigingsvergadering en tussenverkiesing beoog in subartikel (11) en (14) moet ooreenkomsdig hierdie regulasies gehou word.

(16) Behoudens subregulasie (25) moet ouers by die skool die ouerlede beoog in subregulasies (1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) en (6)(a) benoem en verkies.

(17) Opvoeders wat by die skool in diens is, moet die opvoederlede beoog in subregulasies (1)(b), (2)(b) en (6)(b) benoem en verkies.

(18) As 'n opvoeder beoog in subregulasie (1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) aangestel is om as prinsipaal van die skool te fungeer, moet die beheerliggaam 'n ander opvoeder van dieselfde skool vanuit die benoemings wat deur opvoeders ingedien is, koöpteer om op die beheerliggaam te dien vir die duur van die tydperk waartydens die verkose opvoederlid as prinsipaal fungeer.

(19) Nie-opvoederpersoneel wat by die skool in diens is, moet die nie-opvoederlede beoog in subregulasies (1)(c), (2)(c) en (6)(c) benoem en verkies: Met dien verstande dat indien die skool slegs een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.

(20) Die verteenwoordigende raad van leerders by die skool moet die leerderlede beoog in subregulasies (1)(d) en (6)(d) benoem en verkies.

(21) Die beheerliggaam van 'n gewone skool wat onderwys vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes verskaf, moet 'n komitee oor spesiale onderwysbehoeftes instel soos beoog in artikel 30(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

(22) Die komitee beoog in subregulasie (21) moet—

- (a) minstens een keer per skoolkwartaal vergader; en
- (b) bestaan uit—
 - (i) die prinsipaal;
 - (ii) een opvoeder by die skool;
 - (iii) twee ouerlede van die beheerliggaam; en
 - (iv) indien redelikerwys prakties moontlik, minstens een en nie meer as vyf nie van die volgende persone:
 - (aa) 'n verteenwoordiger van borgliggame;

- (bb) 'n verteenwoordiger van organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoeftes;
- (cc) 'n verteenwoordiger van organisasies van gestremde persone;
- (dd) 'n gestremde persoon; en
- (ee) 'n kundige op gepaste terreine van spesiale onderwysbehoeftes.

(23) Die Departementshoof kan die samestelling en ampstermy van 'n beheerliggaam by 'n skool wat verskil van die samestelling beoog in subregulasies (1), (2), (3), (4), (5) en (6) goedkeur indien—

- (a) die beheerliggaam van die skool skriftelik vir sodanige verskillende samestelling aansoek gedoen het en redes daarvoor verstrek het; of
- (b) 'n beheerliggaam ingestel moet word om die werksaamhede van 'n beheerliggaam in die tussentyd te verrig om die instelling van 'n nuwe skool te fasiliteer,

en die Departementshoof oortuig is dat sodanige samestelling in belang van onderwys by die skool is.

(24) Behalwe vir 'n skool verwys na in artikel 12(1)(g) van die Wet, in die omstandighede beoog in subregulasie (23)(a) moet die getal ouerlede wat dien in die beheerliggaam van 'n skool beoog in subregulasies (1), (2), (3), (4) en (5) een meer wees as die gesamentlike totaal van ander lede van die beheerliggaam met stemreg.

(25) Die Departementshoof kan te eniger tyd na sy of haar goeddunke die goedkeuring beoog in subregulasie (23) terugtrek en die tussentydse beheerliggaam wat ingevolge subregulasie (23)(b) saamgestel is, ontbind waarna 'n nuwe beheerliggaam saamgestel moet word ooreenkomsdig subregulasie (1), (2), (3), (4), (5) of (6), na gelang van die geval.

(26) Vir die doel van die instelling van 'n tussentydse beheerliggaam soos beoog in subregulasie (23)(b) moet die distriksdirekteur, in oorleg met die prinsipaal, indien van toepassing, die name en besonderhede van genoeg persone om al die werksaamhede van die beheerliggaam te verrig aan die Departementshoof voorlê.

Ongeskiktheid om as lede in beheerliggaam te dien en diskwalifikasie van beheerliggaamlede

3. 'n Persoon mag nie as 'n lid van 'n beheerliggaam benoem of aangestel word nie of steeds as 'n lid van 'n beheerliggaam dien nie indien hy of sy—

- (a) te eniger tyd deur 'n gereghof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy of sy opgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is, tensy hy of sy kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (b) verklaar is as ongeskik om met kinders te werk ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), of die Wysigingswet op die Strafregr (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);
- (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n gereghof;
- (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
- (e) met die uitsondering van die prinsipaal, in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagraphe (i) tot (iii) gekry het,

- tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (f) in die geval van 'n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994, of deur die beheerliggaam aangestel is, skuldig bevind is aan wangedrag en—
- (i) sonder betaling geskors is;
 - (ii) gedemoveer is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrawe (i) en (ii) gekry het,
- tensy die tydperk van sy of haar straf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (g) in die geval van 'n ouerkandidaat, nie 'n kind het wat as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie en nie 'n versorger van die kind is nie;
- (h) in die geval van 'n leerder, op enige tydstip deur die Departementshoof uit 'n skool geskors is of deur 'n beheerliggaam opgeskort is; of
- (i) gedurende die vorige drie jaar deur die Departementshoof uit 'n beheerliggaam verwyder is ingevolge regulasie 5(3).

Keuring

4. (1) 'n Persoon wat genomineer is om op die beheerliggaam te dien soos beoog in regulasies 18, 21, 24 en 26 moet skriftelik instem tot keuring deur 'n geakkrediteerde keuringsagentskap om, waar nodig, voldoening aan regulasie 3 te bepaal.

(2) As die keuringsproses bepaal dat 'n persoon wat verkies is om op die beheerliggaam te dien, nie op die beheerliggaam mag dien nie, moet die lidmaatskap van die beheerliggaam ooreenkomsdig hierdie regulasies bepaal word.

(3) As 'n aantyging deur enige persoon by die beheerliggaam gemaak word teen 'n lid van die beheerliggaam naamlik dat daardie lid nie aan regulasie 3 voldoen nie, moet die voorsitter van die beheerliggaam, of indien die aantyging teen die voorsitter gemaak is, die distrikspresident die betrokke lid skriftelik van die aantyging verwittig en aan hom of haar die geleentheid bied om binne 14 dae ná ontvangs van die kennisgewing skriftelike vertoe tot die beheerliggaam te rig.

(4) Die lid teen wie 'n aantyging gemaak is soos beoog in subregulasie (3) moet hom- of haarself van die vergadering van die beheerliggaam waartydens die aangeleenthed oorweeg en 'n besluit geneem word, onttrek.

(5) As die beheerliggaam besluit om die lid beoog in subregulasie (3) te keur om voldoening aan regulasie 3 te bepaal, moet die voorsitter, of die distrikspresident, na gelang van die geval, die lid binne vyf dae nadat die besluit geneem is skriftelik oor die besluit inlig.

(6) In die omstandighede beoog in subregulasie (5) moet die beheerliggaam sonder versuim 'n geakkrediteerde keuringsagentskap nader om die lid binne 14 dae nadat die besluit geneem is, nader om voldoening aan regulasie 3 te bepaal.

(7) As die keuringsagentskap bevind dat die lid nie aan regulasie 3 voldoen nie, moet dit skriftelik aan die voorsitter, of distrikspresident, na gelang van die geval, verslag doen wie dan binne 30 dae nadat die verslag ontvang is—

- (a) die Departementshoof van 'n afskrif van die verslag moet voorsien en die beëindiging van lidmaatskap van die lid soos beoog in regulasie 5(3) aanbeveel; en
- (b) die betrokke lid oor die verslag en aanbeveling beoog in paragraaf (a) inlig.

(8) Die Departementshoof moet die verslag oorweeg en binne 20 dae vanaf ontvangs van die verslag op die aanbeveling reageer.

(9) Die skool is verantwoordelik vir enige koste wat aangegaan is vir enige keuring wat ooreenkomsdig hierdie regulasie onderneem is.

Ampstermyn van lede van beheerliggaam

5. (1) Behoudens subregulasies (3) en (4) en regulasies 6, 7, 30(2) en 31(13) strek die ampstermyn van 'n lid van 'n beheerliggaam wat nie 'n leerder is nie oor drie jaar en is van krag vanaf die datum waarop die skoolkiesbeampot verklaar dat die beheerliggaam vry en regverdig verkies is.

(2) Die ampstermyn van 'n leerderlid is een jaar.

(3) Die Departementshoof kan—

- (a) te eniger tyd die lidmaatskap van 'n lid van 'n beheerliggaam opskort of beëindig as gevolg van 'n oortreding van die gedragskode soos beoog in artikel 26A van die Wet; of
- (b) die lidmaatskap van 'n beheerliggaam beëindig—
 - (i) vir nie-voldoening aan regulasie 3; of
 - (ii) ingevolge regulasie 6(3).

(4) Behoudens subregulasie (5), indien 'n persoon wat as 'n lid van 'n beheerliggaam verkies is soos beoog in regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5) of (6), ophou om in die kategorie beoog in daardie regulasie te val ten opsigte waarvan hy of sy as 'n lid verkies is, hou hy of sy op om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(5) As die ampstermyn van 'n ouerlid op die punt staan om te verstryk omdat sy of haar enigste kind by die skool die skool gaan verlaat en die ouerlid reeds skriftelike bevestiging van aanvaarding vanaf die skool ontvang het ten opsigte van die inskrywing van 'n tweede kind by dieselfde skool in die volgende skooljaar, kan die ouer 'n lid van die beheerliggaam bly op voorwaarde dat die eerste kind die skool verlaat op die laaste dag van die voorafgaande termyn en die tweede kind by daardie skool begin op die eerste dag van die volgende termyn.

(6) As 'n gekombineerde skool of intermediêre skool herstruktureer word as 'n—

- (a) primêre skool, bly die samestelling van die beheerliggaam beoog in regulasie 2(1) onveranderd, behoudens subregulasies (7) en (9), totdat die ampstermyn van die lede van die beheerliggaam verstryk; of
- (b) sekondêre skool, bly die samestelling van die beheerliggaam beoog in regulasie 2(1) onveranderd, behoudens subregulasies (8) en (9), totdat die ampstermyn van die lede van die beheerliggaam verstryk.

(7) In die omstandighede beoog in subregulasie (6)(a), as daar meer ouers op die beheerliggaam is as wat in regulasie 2(2), (3), (4) of (5), na gelang van die geval, bepaal is, moet 'n verkiesing van ouerlede, soos beoog in regulasie 19, binne 90 dae ná herstrukturering gehou word.

(8) In die omstandighede beoog in subregulasie (6)(b), as die aantal ouers op die beheerliggaam minder is as die aantal ouers soos bepaal in regulasie 2(1), moet 'n verkiesing van ouerlede, soos beoog in regulasie 19, binne 90 dae ná herstrukturering gehou word.

(9) In die omstandighede beoog in subregulasie (6), om aan te bly as 'n lid van die beheerliggaam, moet die lid steeds ingevolge hierdie regulasies kwalifiseer om op die beheerliggaam van die primêre of sekondêre skool te dien.

(10) 'n Lid van 'n beheerliggaam kan na verstryking van sy of haar ampstermyn weer verkies of gekoöpteer word, na gelang van die geval, indien hy of sy ingevolge hierdie regulasies kwalifiseer is om 'n lid te wees.

Vakatures in beheerliggaam

6. (1) 'n Vakature ontstaan in 'n beheerliggaam wanneer 'n lid—

- (a) sy of haar skriftelike bedanking indien en nie die bedanking terugtrek voordat dit formeel tydens 'n vergadering van die beheerliggaam genotuleer word nie;
- (b) sterf;
- (c) sonder geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig is nadat hy of sy na behore van die vergaderings in kennis gestel is;
- (d) nie meer verkiesbaar is nie soos beoog in regulasie 3 of 5(4); of
- (e) ingevolge regulasie 5(3) uit die amp verwyder is.

(2) In die omstandighede beoog in subregulasie (1)(c)—

- (a) moet die beheerliggaam die afwesighede notuleer;
- (b) ná die tweede afwesigheid, moet die beheerliggaam se sekretaris die afwesige lid kennis gee dat die beheerliggaam die Departementshoof sal versoek om sy of haar lidmaatskap te beëindig as hy of sy vir 'n derde keer afwesig is;
- (c) ná die derde afwesigheid moet die beheerliggaam die Departementshoof versoek om die lidmaatskap van die afwesige lid te beëindig; en
- (d) die sekretaris moet die afwesige lid skriftelik kennis gee dat die beheerliggaam die Departementshoof versoek het om sy of haar lidmaatskap te beëindig.

(3) As die Departementshoof tevreden is dat die lid sonder 'n geldige rede van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam afwesig was, moet die Departementshoof die lidmaatskap van die lid beëindig en die lid skriftelik kennis gee van die beëindiging binne 21 dae nadat die versoek beoog in subregulasie (2)(c) ontvang is.

(4) 'n Persoon wie se lidmaatskap beëindig is soos beoog in subregulasies (2) en (3) kan 'n appèl tot die Provinciale Minister rig binne 14 dae nadat die kennisgewing beoog in subregulasie (3) ontvang is.

(5) Die Provinciale Minister moet die appèl oorweeg en binne 21 dae ná ontvangs van die appèl 'n skriftelike besluit oor die aangeleentheid neem.

(6) Wanneer 'n vakature ontstaan—

- (a) in 'n beheerliggaam wat ingevolge regulasie 2(23)(b) saamgestel is, moet die Departementshoof 'n lid in die vakature aanstel;
- (b) in 'n beheerliggaam wat ooreenkomsdig regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5), (6) of (23)(a) saamgestel is, moet die vakature gevul word deur 'n tussenverkiesing ooreenkomsdig die verkiesingsprosedures ingevolge hierdie regulasies—
 - (i) in die geval van 'n ouerlid, binne 90 dae nadat die vakature ontstaan het; en
 - (ii) in die geval van 'n opvoedervakature, nie-opvoedervakature of leerervakature, binne 14 dae nadat die vakature ontstaan het.

(7) 'n Lid wat ooreenkomsdig subregulasie (6)(a) aangestel is, of verkies is om 'n vakature te vul deur middel van 'n tussenverkiesing ooreenkomsdig subregulasie (6)(b), verkry lidmaatskap vir die onverstreke tydperk van die ampstermyn van sy of haar voorganger, met stemreg, behoudens regulasie 5.

(8) Indien 'n vakature gevul is—

- (a) ooreenkomsdig subregulasie (6)(a), moet die Departementshoof; of
- (b) ooreenkomsdig subregulasie (6)(b), moet die sekretaris van die beheerliggaam, die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die persoon wat nie meer 'n lid van die beheerliggaam is nie en van die naam en adres van die persoon se opvolger.

(9) 'n Tydelike vakature ontstaan in 'n beheerliggaam indien 'n lid afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die beheerliggaam met 'n geldige rede.

(10) In die omstandighede beoog in subregulasie (9) moet die lid die beheerliggaam kennis gee dat hy of sy nie in staat sal wees om sy of haar werksaamhede in die beheerliggaam vir drie opeenvolgende vergaderings te verrig nie en 'n rede vir die afwesigheid verstrek.

(11) As die beheerliggaam die rede beoog in subregulasie (10) aanvaar en instem tot die afwesigheid moet dit 'n persoon koöpteer uit dieselfde kategorie lede as die afwesige lid om die werksaamhede van die afwesige lid te verrig, met inbegrip van stemregte, totdat die afwesige lid sy of haar werksaamhede in die beheerliggaam kan hervat.

(12) As die beheerliggaam die rede beoog in subregulasie (10) verwerp en nie tot die afwesigheid instem nie, moet die lid sy of haar skriftelike bedanking indien en moet daar met die vakature gehandel word soos beoog in subregulasie (6).

(13) In die omstandighede beoog in subregulasie (11) moet die sekretaris van die beheerliggaam die prinsipaal skriftelik in kennis stel van die naam van die lid wat tydelik afwesig is en die naam en adres van die persoon wat die werksaamhede van die afwesige lid tydelik verrig.

Ontbinding en hersamestelling van beheerliggame

7. (1) Die Departementshoof kan 'n beheerliggaam ontbind indien—

- (a) hy of sy van mening is dat, as gevolg van die samesmelting van skole of die verdeling van 'n skool of ander herorganisering van skoolfasiliteite, dit nodig is om vir ouers van die betrokke skole of skool 'n geleentheid te bied om lede van 'n nuwe beheerliggaam te verkies wat na behore verteenwoordigend sal wees van die ouers van leerders wat die skole of skool na sodanige samesmelting, verdeling of herorganisering bywoon;
- (b) die beheerliggaam versuim het om sy werksaamhede bevredigend te verrig of opgetree het op 'n wyse wat nie in die belang van die skool is nie;
- (c) minstens 60 persent van alle ouers wat ingevolge regulasie 8(1) stemgeregtig is op 'n ouervergadering wat vir hierdie doel belê is ten gunste van 'n mosie van wantroue in die beheerliggaam stem.

(2)(a) Die voorsitter van 'n beheerliggaam moet binne 14 dae nadat hy of sy skriftelik deur minstens 30 persent van die ouers wat ingevolge regulasie 8(1) stemgeregtig is, versoek is om dit te doen, 'n ouervergadering bedoel in subregulasie (1)(c) belê.

(b) As die Voorsitter nie op die versoek beoog in paragraaf (a) reageer nie, kan die ouers die distrikspresident nader, wie 'n bemiddelingsvergadering tussen die beheerliggaam en 'n afvaardiging van die ouers moet belê binne vyf dae nadat hy of sy deur die ouers genader is.

(c) As die beheerliggaam en ouers nie 'n ooreenkoms ten tyde van die bemiddelingsvergadering beoog in paragraaf (b) bereik nie, moet die distrikspresident binne vyf dae ná die bemiddelingsvergadering vanuit die tersaaklike onderwysdistrikskantoor—

- (i) die kringbestuurder; of
- (ii) die hoof van bestuur en beheer aanstel as voorsitter van die ouervergadering beoog in subregulasie (1)(c) en daardie voorsitter versoek om die vergadering te belê.

(d) Die voorsitter beoog in paragraaf (c) moet—

- (i) sonder versuim 'n ouervergadering soos beoog in subregulasie (1)(c) belê, welke vergadering binne 14 dae moet plaasvind nadat die voorsitter ingevolge paragraaf (c) aangestel is; en

(ii) binne vyf dae nadat sodanige versoek deur die distrikspresident ontvang is, te verseker dat skriftelike kennis van die vergadering gegee word, hetsy deur die kennisgewing per pos aan alle ouers te stuur of deur die kennisgewing aan elke leerder te oorhandig met die mondelinge opdrag om dit vir sy of haar ouers te gee.

(3) Waar 'n beheerliggaam ingevolge subregulasie (1) ontbind is, hou dit op funksioneer op 'n datum bepaal deur die Departementshoof.

(4) So gou moontlik na die datum waarop 'n beheerliggaam ophou funksioneer—

- (a) moet die distrikspresident die Departementshoof voorsien van 'n lys name van persone, in voorkeurvolgorde, wat verkiesbaar is vir aanstelling as lede van die beheerliggaam; en
- (b) moet die Departementshoof genoeg persone uit daardie lys aanstel om vir 'n tydperk van hoogstens drie maande die werksaamhede van 'n beheerliggaam by die skool te verrig.

(5) Die Departementshoof moet die prinsipaal sonder versuim skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die lede van die beheerliggaam wat ingevolge subregulasie (4) aangestel is.

(6) Die Departementshoof kan die tydperk beoog in subregulasie (4) met verdere tydperke van hoogstens drie maande elk verleng, maar die totale tydperk mag nie een jaar oorskry nie.

(7) 'n Beheerliggaam moet binne 'n jaar na die aanstelling van die persone beoog in subregulasie (4) ingevolge hierdie regulasies verkies word.

(8) Wanneer die Provinciale Minister 'n skool ingevolge artikel 18 van die Wet sluit, ontbind die beheerliggaam van daardie skool op die laaste dag van die skooltermyn wat die datum van die sluiting van die skool voorafgaan.

Stemreg

8. (1) Elke ouer wat een of meer kinders het wat as leerders by 'n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouerlede wat verkies moet word.

(2) In die omstandighede beoog in subregulasie (1) word hoogstens twee ouers per leerder toegelaat om te stem.

(3) Elke opvoeder in diens by 'n skool, insluitende die prinsipaal, is daarop geregtig om vir opvoederlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal opvoederlede wat verkies moet word.

(4) Elke lid van 'n verteenwoordigende raad van leerders by 'n skool is daarop geregtig om vir leerderlede van die beheerliggaam by daardie skool te stem, en mag net een keer vir 'n bepaalde benoemde persoon stem, met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal leerderlede van die verteenwoordigende raad wat verkies moet word.

(5) Elke lid van die nie-opvoederpersoneel by 'n skool is daarop geregtig om vir die nie-opvoederlid van die beheerliggaam te stem en het een stem: Met dien verstande dat indien die skool net een nie-opvoeder het, daardie lid outomaties verkies word.

Wyses van verkiesing

9. (1) Die verkiesing van 'n beheerliggaam moet plaasvind by wyse van 'n—

- (a) handmatige verkiesing; of
- (b) 'n e-verkiesing.

- (2) Die prinsipaal moet nie minder nie as 30 dae voor die datum van die verkiesing van die beheerliggaam—
- (a) die distrikspresident kennis gee dat 'n handmatige verkiesing gebruik gaan word; of
 - (b) by die distrikspresident aansoek doen om die goedkeuring van 'n e-verkiesing.
- (3) Die distrikspresident moet, binne vyf dae ná ontvangs van die aansoek beoog in subregulasie (2)(b)—
- (a) die aansoek oorweeg en 'n besluit oor die aangeleentheid neem; en
 - (b) die prinsipaal skriftelik oor die besluit inlig.
- (4) Die distrikspresident moet die aansoek oorweeg in subregulasie (2)(b) toestaan as hy of sy tevreden is dat—
- (a) 'n e-verkiesing die beste belang van die skoolgemeenskap en die betrokke skool sal bevorder;
 - (b) 'n e-verkiesing maksimum deelname deur stemgeregtigdes moontlik sal maak;
 - (c) 'n e-verkiesing nie die stemgeregtigdes se vermoë om vir kandidate te stem, sal kompromitteer nie;
 - (d) 'n e-verkiesing nie onbillik teen enige potensiële stemgeregtigdes sal diskrimineer nie;
 - (e) doeltreffende bepalings neergelê is vir 'n billike benoemingsproses in aanloop tot die verkiesing; en
 - (f) voldoende hulbronne vir 'n e-verkiesing beskikbaar is.
- (5) Die prinsipaal moet die skoolkiesbeamppte oor die wyse van verkiesing inlig—
- (a) wanneer die distrikspresident kennis gegee word dat 'n handmatige verkiesing gebruik sal word soos beoog in subregulasie (2)(a); of
 - (b) binne twee dae nadat 'n skriftelike besluit van die distrikspresident ontvang is soos beoog in subregulasie (3)(b).
- (6) Die skoolkiesbeamppte moet—
- (a) die distrikskiesbeamppte inlig oor die wyse van verkiesing wat gevvolg gaan word binne twee dae nadat hy of sy deur die prinsipaal ingelig is oor die wyse van verkiesing wat gevvolg gaan word soos beoog in subregulasie (5); en
 - (b) minstens 14 dae vóór die verkiesing 'n bestuursplan aan die distrikskiesbeamppte voorlê.
- (7) Die bestuursplan beoog in subregulasie (6)(b) moet ten minste die volgende bevat:
- (a) die voorgestelde datum, tyd en plek vir die verkiesing;
 - (b) die tydgleuf waartydens stemme getel sal word; en
 - (c) 'n skedule van die prosesse wat deur lede van die skool se kiesspan gevvolg sal word om die benoeming van lede sowel as die stemming en stemtelling te bekragtig.

Skoolkiesbeamppte

10. (1) Die distrikspresident moet, behoudens subregulasie (2), die prinsipaal, of tweede-in-bevel indien nodig, van 'n ander skool, of as nie een van die twee moontlik is nie, die kringbestuurder van die tersaaklike onderwysdistrikskantoor, skriftelik as die skoolkiesbeamppte aanstel om die benoeming en verkiesing, na gelang van die geval, van die ouer-, opvoeder- en nie-opvoederlede beoog in regulasie 2(1), (2), (3), (4), (5) en (6) in 'n beheerliggaam te behartig.

(2) Die prinsipaal of tweede-in-bevel beoog in subregulasie (1) mag nie as skoolkiesbeamppte van 'n skool aangestel mag word as hy of sy ingeskreve kinders by daardie skool het of nie opgelei en gesertifiseer is as 'n skoolkiesbeamppte nie.

(3) Die skoolkiesbeampte kan een of meer opvoeders of nie-opvoeders in diens van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement aanstel om by 'n benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing behulpsaam te wees: Met dien verstande dat so 'n opvoeder of nie-opvoeder nie werksaam mag wees by die skool waar die benoeming en verkiesing gehou word nie.

(4) Die skool se kiesbeampte moet verseker dat die skool se kiesspan die verkiesingsproses wat gevolg moet word, verstaan en hierdie regulasies nakom.

(5) Die skoolkiesbeampte moet as voorsitter optree ten tyde van die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam, uitgesonderd die verkiesing van leerderlede en ampsdraers.

(6) Die skoolkiesbeampte by die skool waar die verkiesing plaasvind, moet verseker dat 'n stemlokaal ingerig word waar 'n telefoon, selffoon met data sowel as 'n rekenaar en drukker tot die skoolkiesbeampte en die skool se kiesspan se beskikking is vir die duur van die benoemingbekragtigingsvergadering en onderwyl stemme uitgebring en getel word.

Pligte van skoolkiesbeampte

11. 'n Skoolkiesbeampte moet—

- (a) verseker dat daar 'n gesikte plek vir die benoemingbekragtigingsvergadering, die uitbring van stemme en die tel van stemme is;
- (b) in die geval van e-stemming, een of meer lokale vir e-stemming inrig;
- (c) op die dag van die benoemingbekragtigingsvergadering en ten tyde van die uitbring en tel van stemme by enige dispute ingryp en daardie dispute oplos; en
- (d) die resultate van die verkiesing aan die distrikskiesbeampte voorlê.

Pligte van distrikskiesbeampte

12. 'n Distrikskiesbeampte moet—

- (a) die proses verwant aan die verkiesing van beheerliggame in die distrik koördineer;
- (b) die onderwysdistrikskantoor inlig oor die voorgestelde strategie vir en implementering van beheerliggaamverkiesings in die distrik en verseker dat die proses soos ooreengekom met die provinsiale verkiesingskoördineerder gevolg word;
- (c) 'n bestuursplan opstel wat ten tyde van die verkiesing van bestuursliggame geïmplementeer kan word;
- (d) verseker dat elke skool 'n kiesbeampte het en dat die skool se kiesspan daargestel is;
- (e) verseker dat die skoolkiesbeamptes oor die vorms beoog in die aanhangsels beskik sowel as alle dokumentasie wat vir die verkiesingsproses benodig word;
- (f) verseker dat alle skole se kiesspanne na behore opgelei is en bewus is van wat hul rolle behels;
- (g) verseker dat lede van die skool se kiesspan hul regulasies en dokumentasie relevant tot die verkiesing tydig ontvang;
- (h) verseker dat voorspraak vir die verkiesing soos beplan geskied;
- (i) verseker dat die onderwysdistriksamptenare die verkiesingsproses moniteer;
- (j) verseker dat die name en kontakbesonderhede van die persone wat tot die beheerliggame verkies is, binne sewe dae nadat die verkiesing plaasgevind het aangestuur word na die provinsiale verkiesingskoördineerder;
- (k) verseker dat die name van die ampsdraers binne sewe dae nadat hierdie name van die prinsipaal ontvang is na die provinsiale verkiesingskoördineerder aangestuur word;

- (l) verseker dat die name van lede wat—
 - (i) by die beheerliggaam gekoöpteer is soos beoog in regulasie 2(8) en (10); of
 - (ii) aangestel of verkies is om op die beheerliggaam te dien soos beoog in regulasie 6(6), voorgelê word aan die provinsiale verkiesingskoördineerde binne 14 dae nadat hierdie name van die prinsipaal ontvang is;
- (m) 'n databasis van nuutverkose lede tot beheerliggame in die onderwysdistrik ontwikkel en in stand hou en dit aan die provinsiale verkiesingskoördineerde voorlê; en
- (n) 'n geskrewe verslag oor die verkiesing van die beheerliggaam opstel en dit aan die provinsiale verkiesingskoördineerde voorlê.

Pligte van provinsiale verkiesingskoördineerde

13. Die provinsiale verkiesingskoördineerde moet—

- (a) 'n provinsiale implementeringbestuursplan vir die verkiesing van die beheerliggame opstel;
- (b) verseker dat daar na behore voorspraak gemaak is vir die verkiesingsdatum;
- (c) alle hulpbronne koördineer met die oog op 'n doeltreffende en regverdig verkiesing van 'n bestuursliggaam;
- (d) die verkiesingsproses in die provinsie moniteer en evaluateer; en
- (e) 'n databasis van lede wat tot bestuursliggame in die provinsie verkies is, konsolideer.

Gedragkode

14. 'n Skoolkiesbeampte, distrikkiesbeampte, provinsiale verkiesingskoördineerde en 'n lid van die skool se kiesspan moet—

- (a) eerlik en hoflik optree;
- (b) op 'n billike en onpartydige wyse optree;
- (c) vertroud wees met die verkiesingsproses en verwante wetgewing wat betrekking het op die verkiesing van beheerliggame;
- (d) die verkiesing ingevolge hierdie regulasies uitvoer;
- (e) met die prinsipaal saamwerk;
- (f) die verkiesingsproses op 'n billike en regverdig wyse behartig; en
- (g) nie sy of haar magte oorskry nie.

Kieserslyste

15. (1) Die prinsipaal moet as volg 'n kieserslys vir elk van die volgende kategorieë van kiesers opstel wat die name van alle stemgeregtigde ouers, opvoeders en nie-opvoeders by die skool, soos beoog in regulasie 8, bevat:

- (a) die kieserslys vir ouers moet gegrond word op die skool se toelatingsregister en moet bestaan uit daardie persone wie se name as ouers in die toelatingsregister opgeteken is en wat kan bewys dat hulle die ouers is van leerders wat by die skool ingeskryf is;
- (b) die kieserslys vir opvoeders moet bestaan uit alle opvoeders wat by die skool in diens is; en
- (c) die kieserslys vir nie-opvoeders moet bestaan uit alle nie-opvoeders wat by die skool in diens is.

(2) Die prinsipaal moet verseker dat geen name op die kieserslyste geduplikeer is nie en moet verseker dat 'n maksimum van twee ouers per leerder op die kieserslys vir ouers weerspieël word soos beoog in subartikel (1)(a).

(3) Die kieserslys vir ouers moet minstens 14 dae vóór die verkiesing vir betragting tot ouers se beskikking gestel word.

(4) Die ouers kan die kieserslys vir ouers nagaan om te bepaal of hul name daarop verskyn en enige geskil binne vyf dae aanhangig maak nadat die kieserslys, soos beoog in subregulasie (3), beskikbaar gestel is.

(5) Die prinsipaal moet 'n geskil soos beoog in subregulasie (4) oorweeg en, waar nodig, die kieserslys wysig binne vyf dae nadat kennisgewing van 'n dispuut ontvang is.

(6) Die prinsipaal moet die kieserslys vir ouers, opvoeders en nie-opvoeders finaliseer vier dae vóór die verkiesing en geen name mag ná finalisering tot die lys bygevoeg word nie.

(7) Die skoolkiesbeampte moet die kieslyste bekragtig nadat die prinsipaal dit ooreenkomstig subregulasie (6) gefinaliseer het.

Datum, tyd en plek van benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing van ouerlede

16. (1) Die skoolkiesbeampte moet ná oorlegpleging met die prinsipaal—

(a) 'n datum, tydsgleue en 'n plek bepaal om—

- (i) 'n vergadering te hou om die benoeming van ouers geldig te verklaar, welke vergadering ten minste tien dae voor die verkiesing gehou moet word;
- (ii) ouerlede te verkies; en
- (iii) stemme te tel; en

(b) moet die prinsipaal skriftelik hiervan kennis gee.

(2) Die benoeming en verkiesing van ouerlede moet voorafgegaan word deur die verkiesing van die ander kategorieë lede van die beheerliggaam soos beoog in regulasies 24, 25, 26 en 27.

(3) In die geval van 'n nuwe skool moet die vergadering om die benoeming en verkiesing van ouerlede te bekragtig nie later nie as 90 dae na die opening van die skool vir leerders gehou word.

(4) Die Departementshoof kan, indien dit redelikerwys nodig is in die omstandighede, 'n verlenging van die tydperk beoog in subregulasie (3) toelaat, maar sodanige verlenging mag nie langer as ses maande na die instelling van die skool wees nie.

Kennisgewing van benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing van ouerlede

17. Die skoolkiesbeampte moet 'n kennisgewing, in die vorm van Aanhangsel A, van die benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing beoog in regulasie 16 en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B opstel en aan die prinsipaal voorsien minstens 21 dae voor die verkiesing van 'n eksemplaar van die kennisgewing en benoemingsvorm sodat daar aan die bepalings van subregulasie (4) uitvoering gegee kan word.

(2) Die kennisgewing aan die ouers moet—

- (a) die datum, tyd en lokaal van die benoemingbekragtigingsvergadering vermeld;
- (b) meld dat ouerkandidate die benoemingbekragtigingsvergadering mag bywoon;
- (c) die datum, tydsgleue en lokaal van die stemming vermeld;
- (d) ouers daaraan herinner om 'n vorm van identifikasie saam te bring sodat hulle toegelaat kan word om te stem;

- (e) die datum, tyd en lokaal van 'n opvolgstemming vermeld, wat minstens sewe dae en hoogstens 11 dae na die eerste stemming gehou moet word indien daar tydens die eerste stemming nie 'n kworum soos beoog in regulasie 19(2) verkry is nie;
- (f) ouers inlig dat hulle beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skolkiesbeampte kan aanteken teen 16:00 op die dag voor die verkiesing; en
- (g) ouers aanmoedig om ag te slaan op die volgende faktore wanneer ouerkandidate genomineer en verkies word:
 - (i) die beginsel van billikhed;
 - (ii) die behoefté om werk te maak van die onregte van die verlede; en
 - (iii) die behoefté aan verteenwoordiging.

(3) Die identifikasie in subregulasie (2)(d) beoog, is 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik, of 'n permit in die geval van 'n buitelaander, ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002), uitgereik: Met dien verstande dat indien sodanige identifikasie nie beskikbaar is nie, 'n alternatiewe vorm van identifikasie deur 'n lid van die skolkieesspan aanvaar kan word.

- (4) Die prinsipaal moet minstens 21 dae voor die datum van die verkiesing vir ouerlede—
 - (a) toesien dat alle opvoeders afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm vir elke leerder van die betrokke skool gee met die mondelinge opdrag om dit aan sy of haar ouers te gee;
 - (b) toesien dat afskrifte van die kennisgewing en benoemingsvorm per pos aan die ouers van elke leerder by die skool gestuur word indien hy of sy dit dienstig ag;
 - (c) 'n kombinasie van die twee kennisgewingsmetodes in paraagraaf (a) en (b) beoog, gebruik;
 - (d) enige ander metode gebruik om die ouers van elke leerder van die skool in kennis te stel van die benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing van ouerlede, solank die metode van kennisgewing geen lede van die skolgemeenskap benadeel of hul deelname aan die verkiesingsproses belemmer nie.

Benoemingsproses in handmatige verkiesing

18. (1) Om 'n ouerkandidaat in 'n handmatige verkiesing te benoem, moet die ouer van 'n leerling aan die skool hoogstens 11 dae voor die verkiesing 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel B, wat na behore deur die voorsteller, sekondant en ouerkandidaat ingevul is, by die skolkiesbeampte indien.

(2) 'n Benoeming in subregulasie (1) beoog, moet deur 'n ander ouer gesekondeer word.

(3) 'n Ouerkandidaat mag nie homself of haarself benoem nie.

(4) Ten tyde van die benoemingbekragtigingsvergadering moet die skolkieesspan die benoemingsoorweeg en die benoeming van enige ouerkandidaat verworp wat—

- (a) nie ooreenkomsdig subregulasie (1) benoem is nie;
- (b) onbevoeg is soos in regulasie 3 beoog; of
- (c) homself of haarself benoem het,

en dan moet die skolkiesbeampte 'n benoemingslys opstel en die prinsipaal en ouers oor die name van die ouerkandidate wie se benoeming aanvaar is, inlig.

(5) Die prinsipaal moet minstens twee dae vóór die datum van die verkiesing van ouerlede—

- (a) verseker dat die opvoeders afskrifte van die benoemingslys beoog in subregulasie (4) aan elke leerder van die betrokke skool oorhandig met 'n mondelinge instruksie om dit aan sy of haar ouer te oorhandig; of

- (b) enige ander metode gebruik om die ouers van elke leerder by die skool kennis te gee van daardie benoemingslys, mits die kennisgewingsmetode nie enige ouers benadeel en hul deelname aan die verkiesingsproses belemmer nie.

(6) As die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is soos beoog in subregulasie (4) minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) vereis word ten opsigte van die betrokke beheerliggaam moet die skolkiesbeampte binne twee dae ná die benoemingbekragtigingsvergadering—

- (a) die prinsipaal skriftelik hieroor inlig;
- (b) die ouers inlig en versoek dat addisionele ouerkandidate genomineer word hoogstens vier dae na die datum van die benoemingbekragtigingsvergadering; en
- (c) 'n tweede benoemingbekragtigingsvergadering belê wat hoogstens vyf dae na die datum van die eerste benoemingsbekragtigingsvergadering.

(7) In die omstandighede beoog in subregulasie (6)(c)—

- (a) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasie (4) aanvaar is, meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam vereis word, moet—
 - (i) die skolkiesbeampte minstens vyf dae voor die verkiesing die prinsipaal en ouers inlig oor die name van die ouers wie se benoemings aanvaar is; en
 - (ii) moet 'n stemming ingevolge regulasie 19 gehou word;
- (b) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasie (4) aanvaar is, gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam vereis word, moet die proses beoog in subregulasie (9) gevvolg word; of
- (c) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasie (4) aanvaar is, minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam vereis word, moet die skolkiesbeampte binne twee dae ná die tweede benoemingbekragtigingsvergadering—
 - (i) die prinsipaal skriftelik hieroor inlig;
 - (ii) die ouers inlig en versoek dat addisionele ouerkandidate genomineer word hoogstens ses dae ná die datum van die tweede benoemingbekragtigingsvergadering beoog in subregulasie (6)(c); en
 - (iii) 'n derde benoemingbekragtigingsvergadering belê wat hoogstens sewe dae ná die tweede benoemingbekragtigingsvergadering beoog in subregulasie (6)(c) gehou moet word.

(8) In die omstandighede beoog in subregulasie (7)(c)(iii)—

- (a) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasies (4) en (7) aanvaar is meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) vereis word ten opsigte van die betrokke beheerliggaam moet die proses beoog in (7)(a) gevvolg word;
- (b) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasies (4) en (7) aanvaar is gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) vereis word ten opsigte van die betrokke beheerliggaam moet die proses beoog in subregulasie (9) gevvolg word; of;

- (c) as die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar, ingeslote die benoemings wat ingevolge subregulasies (4) en (7) aanvaar is minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) vereis word ten opsigte van die betrokke beheerliggaam moet die proses beoog in regulasie 16(1) gevolg word.

(9) As die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is soos beoog in subregulasie (4) gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, moet die skoolkiesbeamppte elke aanvaarde ouerkandidaat as 'n na behore verkose lid van die beheerliggaam verklaar.

(10) As die totale getal ouerkandidate wie se benoemings aanvaar is soos beoog in subregulasie (4) meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, word 'n stemming ooreenkomstig regulasie 19 gehou.

Stemming by verkiesing van ouerlede in handmatige stemming

19. (1) Die stemming in regulasie 18(7)(a)(ii), (8)(a) of (10) beoog, word gehou op die datum, tyd en plek wat ooreenkomstig die benoemings- en verkiesingsproses bepaal word.

(2) 'n Kворum van ouers—

- (a) bestaan uit 10 persent van die totale getal ouers op die kiesersrol wat gestem het; en
- (b) moet deur die skoolkiesbeamppte aan die einde van die stemming bepaal word.

(3) Die skoolkiesbeamppte moet aan elke ouer wat stemgeregtig is en 'n stem wil uitbring, 'n goedgekeurde stembrief uittryk waarop die skoolstempel verskyn.

(4) 'n Ouer moet sy of haar stem op die stembrief beoog in subregulasie (3) uitbring: Met dien verstande dat indien 'n ouer weens ongeletterdheid, blindheid of 'n ander liggaamsgebrek nie in staat is om sy of haar stem uit te bring nie, die skoolkiesbeamppte, op versoek van daardie ouer en in die teenwoordigheid van 'n getuie van die ouer se keuse, die stem van die ouer op die ouerkandidaat of ouerkandidate deur die betrokke ouer aangedui, uitbring.

(5) Die skoolkiesbeamppte moet 'n stembrief verwerp—

- (a) waarop die skoolstempel in subregulasie (3) beoog, nie verskyn nie;
- (b) waarop meer stemme uitgebring is as die getal lede wat ooreenkomstig regulasie 2 verkies moet word; of
- (c) wat so ingeval is dat dit volgens die oordeel van die skoolkiesbeamppte onduidelik is op watter ouerkandidaat of ouerkandidate 'n stem uitgebring is.

(6) Nadat die skoolkiesbeamppte enige bedorwe stembriewe verwerp het soos beoog in subregulasie (5), moet hy of sy—

- (a) in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, verseker dat die stemme wat op elke ouerkandidaat uitgebring is, deur die skoolkiesspan getel word; en
- (b) die getal ouers wat ingevolge regulasie 2(1)(a), (2)(a), (3)(a), (4)(a), (5)(a) of (6)(a) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, op wie die meeste stemme uitgebring is, tot behoorlik verkose lede van die beheerliggaam verklaar en die getal stemme wat op elke ouerkandidaat uitgebring is, vermeld.

(7) Indien die getal stemme wat op twee of meer ouerkandidate uitgebring is, gelyk is en dit die uitslag van die stemming beïnvloed, moet die skoolkiesbeamppte, in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, lootjies trek om te bepaal watter van die ouers suksesvol verkies is.

(8) As 'n kworum soos beoog in subregulasie (2)(a) nie by die stemming behaal is nie—

- (a) moet die skoolkiesbeamppte—

- (i) die prinsipaal en die ouers inlig; en
 - (ii) die ouers kennis gee van die datum van die opvolgstemming soos beoog in regulasie 17(2)(e) waar geen kworum nodig is nie.
- (9) Geen volmagstemme is by beheerliggaamverkiesings aanvaarbaar nie.

Rol van skool in besluit op e-verkiesing

- 20.** Wanneer daar op e-verkiesing as 'n wyse van verkiesing besluit word, moet die prinsipaal—
- (a) by die distrikspresident aansoek doen om goedkeuring van hierdie wyse van verkiesing soos beoog in regulasie 9(2)(b);
 - (b) ouers kennis gee van die aansoek;
 - (c) vóór die verkiesing begeleiding aan die ouers bied by wyse van 'n handleiding oor hoe om die e-verkiesingmetode te gebruik;
 - (d) verseker dat 'n persoon met deeglike kennis van die werking van 'n e-verkiesing beskikbaar is om tegniese ondersteuning voor en na die dag van die verkiesing te verskaf;
 - (e) minstens een e-stemlokaal by die skool opstel vir die duur van die verkiesing ten einde voorsiening te maak vir diegene wat by die skool wil stem;
 - (f) verseker dat 'n kragopwekker beskikbaar is ingeval van 'n kragonderbreking;
 - (g) personeellede toewys en verskaf wat beskikbaar sal wees om die skoolkiesspan van hulp te wees vir die duur van die benoemings-, stemming- en telproses; en
 - (h) verseker dat ouers minstens vyf dae vóór die verkiesing regstreer om te stem by wyse van 'n verskeidenheid sekuriteitsvrae.

Benoemingsproses vir e-verkiesing

21. (1) Die benoemingsproses beoog in regulasie 18 geld, met die nodige aanpassings, sodat die benoemingsproses vir 'n e-verkiesing elektronies aanlyn onderneem kan word.

- (2) Die stelsel moet geprogrammeer word om—
 - (a) 'n ouer van aanmelddetail met 'n unieke eenmalige persoonlike identifikasienommer te voorsien sodat hy of sy 'n ouerkandidaat kan nomineer;
 - (b) die identifikasie van die ouer te verifieer wanneer hy of sy aanmeld by wyse van die persoonlike identifikasienommer beoog in paragraaf (a) gegrond op die kieserslys vir ouers; en
 - (c) 'n aanlyn benoemingsvorm tot die ouer se beskikking stel sodat hy of sy 'n ouerkandidaat kan nomineer.
- (3) 'n Ouer moet afmeld nadat benoemings gemaak is.
- (4) Die personeellede beoog in regulasie 20(g) moet ouers wanneer nodig help om dokumente op te laai.

Stemming tydens e-verkiesing

22. (1) Die stelsel moet geprogrammeer word om—

- (a) 'n ouer van aanmelddetail met 'n unieke eenmalige persoonlike identifikasienommer te voorsien sodat hy of sy 'n stem in die stemmery kan uitbring;
 - (b) die identifikasie van die ouer te verifieer wanneer hy of sy aanmeld by wyse van die persoonlike identifikasienommer beoog in paragraaf (a) gegrond op die kieserslys vir ouers; en
 - (c) 'n aanlyn stembrief tot die ouer se beskikking stel sodat hy of sy vir die verlangde getal ouerkandidate kan stem.
- (2) 'n Ouer moet afmeld nadat hy of sy gestem het.

Tel van stemme tydens e-verkiesing

23. (1) Die stelsel moet geprogrammeer word sodat dit die resultate kan bereken en beskikbaar stel sodra die verkiesingstyd verstryk het.

(2) Die skoolkiesbeampte moet die resultate van die stemming beoog in regulasie 22 verifieer.

(3) As die getal stemme wat vir twee of meer ouerkandidate aangeteken is gelyk is en dit 'n impak op die uitslag van die stemming het, moet die skoolkiesbeampte, in die teenwoordigheid van elke ouerkandidaat wat teenwoordig wil wees, lootjies trek om te bepaal wie van die ouers suksesvol verkies is.

Benoemings- en verkiesingsvergadering van opvoederlede

24. (1) Die skoolkiesbeampte moet in 'n kennisgewing in die vorm van Aanhangsel C 'n datum, tyd en plek vir 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede van die beheerliggaam aandui, wat minstens 11 dae voor die verkiesing van ouerlede gehou moet word.

(2) Om 'n opvoederkandidaat te benoem, moet 'n opvoeder op die diensstaat van dieselfde skool—

- (a) 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel D, wat na behore deur die voorsteller, sekondant en opvoederkandidaat ingevul is, hoogstens sewe dae voor die datum van die benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesing by die skoolkiesbeampte indien; of
- (b) 'n opvoeder as 'n lid van die beheerliggaam voorstel tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering.

(3) 'n Benoeming in subregulasie (2)(b) beoog, moet deur 'n ander opvoeder gesekondeer word en 'n benoemingsvorm in die vorm van Aanhangsel D moet na behore deur die voorsteller, die sekondant en, indien teenwoordig, die opvoederkandidaat ingevul word en moet binne die tyd in subregulasie (4) beoog, by die skoolkiesbeampte ingedien word.

(4) Indien 'n kworum soos in regulasie 25(2) bedoel, teenwoordig is, moet die skoolkiesbeampte die tyd bepaal wat tydens die benoemings- en verkiesingsvergadering vir die benoeming van opvoederkandidate toegelaat word, en hy of sy moet die vergadering daarvan in kennis stel.

(5) 'n Opvoederkandidaat mag nie homself of haarself benoem nie.

(6) Na die verstryking van die tyd in subregulasie (4) beoog, oorweeg die skoolkiesbeampte die benoemings en verwerp die benoeming van enige opvoederkandidaat wat—

- (a) nie ooreenkomsdig subregulasie (2)(a) of (3) benoem is nie;
- (b) onbevoeg is soos in regulasie 3 beoog;
- (c) in die geval van 'n benoeming beoog in subregulasie (2)(b), nie die benoemingsvorm ingevul het nie, tensy skriftelike bewys tot bevrediging van die skoolkiesbeampte voor die verstryking

van die tyd in subregulasie (4) beoog, voorgelê word dat die opvoederkandidaat bereid sal wees om as lid van die beheerliggaam te dien; of

(d) homself of haarself benoem het,

en daarna maak die skoolkiesbeampete die name van die opvoederkandidate wie se benoemings aanvaar is, bekend.

(7) As die totale getal opvoederkandidate wie se benoemings aanvaar is soos in subregulasie (6) beoog—

- (a) minder is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) bepaal is ten opsigte van die betrokke beheerliggaam, word 'n nuwe vergadering waar bykomende opvoederkandidate benoem moet word, belê welke vergadering binne sewe dae vanaf die eerste vergadering ooreenkomsdig die procedures soos in hierdie regulasies uiteengesit gehou moet word;
- (b) gelyk is aan die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, verklaar die skoolkiesbeampete elke aanvaarde opvoederkandidaat tot 'n na behore verkose lid van die beheerliggaam; of
- (c) meer is as die getal lede wat ingevolge regulasie 2(1)(b), (2)(b), (5)(c) of (6)(b) ten opsigte van die betrokke beheerliggaam bepaal is, word 'n stemming ooreenkomsdig regulasie 25 gehou.

(8) Indien daar tien of minder opvoeders op die diensstaat van 'n skool is, word die prosedure vir die benoeming van opvoederlede nie gevolg nie maar word die prosedure vir die stemming beoog in regulasie 25 gevolg.

Stemming by verkiesing van opvoederlede

25. (1) Die skoolkiesbeampete stel 'n kennisgewing van die benoemings- en verkiesingsvergadering op en besorg minstens sewe dae voor die vergadering 'n afskrif van die kennisgewing aan elke opvoeder op die diensstaat van die skool.

(2) 'n Kworum tydens die vergadering bestaan uit die aanwesigheid van een meer as die helfte van die totale getal opvoeders op die diensstaat van die skool.

(3) Die skoolkiesbeampete reik aan elke opvoeder wat sy of haar stem wil uitbring, 'n goedgekeurde stembrief uit waarop die skoolstempel verskyn.

(4) 'n Opvoeder in subregulasie (1) beoog, bring sy of haar stem uit op die stembrief deur die name van hoogstens twee opvoederkandidate daarop te skryf.

(5) Die skoolkiesbeampete moet 'n stembrief verwerp—

- (a) waarop die skoolstempel beoog in subregulasie (3) nie verskyn nie;
- (b) waarop die name van meer as twee opvoederkandidate verskyn; of
- (c) wat so ingevul is dat dit volgens die oordeel van die skoolkiesbeampete onduidelik is op watter opvoederkandidaat of opvoederkandidate 'n stem uitgebring is.

(6) Die twee opvoederkandidate op wie die meeste stemme uitgebring is, word deur die skoolkiesbeampete as na behore verklaar.

(7) Indien geen opvoederkandidaat 'n meerderheid van die stemme behaal nie, word die kandidaat wat die laagste getal stemme ontvang het, uitgeskakel en word nog 'n stemming oor die oorblywende kandidate ooreenkomsdig hierdie regulasies gehou.

(8) Die prosedure beoog in subregulasie (7) moet herhaal word totdat daar twee opvoederkandidate is wat deur die skoolkiesbeampete as na behore verklaar word.

(9) By die toepassing van subregulasie (7), indien twee of meer opvoederkandidate elk die laagste getal stemme het, moet daar afsonderlik gestem word oor hierdie kandidate en dit moet herhaal word so dikwels as wat nodig is om te bepaal watter kandidaat uitgeskakel moet word.

Benoeming en verkiesing van nie-opvoederlid

26. Die prosedure vir die benoeming en verkiesing van opvoederlede is met die nodige veranderinge van toepassing by die benoeming en verkiesing van 'n nie-opvoederlid.

Benoeming en verkiesing van leerderlede

27. Die twee leerderlede beoog in regulasie 2(1)(d) en (6)(d) word deur die verteenwoordigende raad van leerders uit eie geledere gekies soos beoog in die Bepaling van die Werksaamhede en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole, neergelê deur die Proviniale Minister onder Proviniale Kennisgewing 272/2014 in *Proviniale Koerant 7317*, van 13 Oktober 2014.

Besluite van skoolkiesbeampte

28. (1) Die skoolkiesbeampte beslis en skik alle aangeleenthede rakende die benoeming van kandidate en die verkiesing van lede.

(2) Behoudens regulasie 29(1) moet alle geskille oor die benoemingbekragtigingsvergadering en verkiesingsproseses by die skoolkiesbeampte aangemeld word.

(3) Die skoolkiesbeampte moet poog om alle geskille te besleg ten einde verkiesings onbetwis te verklaar.

(4) 'n Besluit van die skoolkiesbeampte tydens die benoemings- en verkiesingsproseses is finaal.

(5) Die skoolkiesbeampte moet ná die verkiesing oor 'n beswaar teen enige benoeming beoog in regulasie 17(2)(f) beslis en dit bylê.

(6) Indien daar 'n geskil is wat die skoolkiesbeampte nie kan besleg nie, moet die benoeming en verkiesing voortgaan.

Besluite van distrikskiesbeampte

29. (1) Enige persoon wat 'n beswaar teen 'n besluit van 'n skoolkiesbeampte wil aanteken, moet die beswaar binne sewe dae na die verkiesing van lede in die betrokke kategorie skriftelik by die betrokke distrikskiesbeampte aanteken.

(2) Enige persoon kan, binne sewe dae na die verkiesing van lede in die betrokke kategorie, 'n onopgeloste geskil beoog in regulasie 28(6) by die distrikskiesbeampte aanteken.

(3) Die distrikskiesbeampte moet die beswaar beoog in subregulasie (1) of die verwysing beoog in subregulasie (2) oorweeg en binne sewe dae na ontvangs van die beswaar of verwysing skriftelik reageer.

(4) Enige persoon wat bewus word van 'n beweerde onreëlmatigheid in die verkiesingsproseses ná die verkiesing moet die beweerde onreëlmatigheid binne sewe dae ná die afkondiging van die lede van die beheerliggaam na die distrikskiesbeampte verwys.

(5) Enige persoon wat nie met 'n besluit van die distrikskiesbeampte tevrede is nie, kan binne 21 dae na ontvangs van die besluit van die distrikskiesbeampte by die Proviniale Minister appèl aanteken.

(6) Die Provinciale Minister moet die appèl oorweeg en die aangeleentheid skriftelik beslis binne 21 dae na ontvangs van die appèl.

Procedure na verkiesing van beheerliggaam

30. (1) Ná die verkiesing van 'n beheerliggaam moet die skoolkiesbeampete—

- (a) twee afskrifte maak van alle dokumente wat by die benoeming en verkiesing van die lede gebruik is, met inbegrip van alle ingevulde stembriewe wat in die verkiesing gebruik is en alle benoemingsvorms wat ontvang is, en—
 - (i) een afskrif aan die prinsipaal oorhandig; en
 - (ii) een afskrif behou;
- (b) die oorspronklike dokumente beoog in paragraaf (a) in koeverte plaas, verseël en hulle aan die distrikskiesbeampete oorhandig wat hulle in veilige bewaring moet hou vir 'n tydperk van minstens drie jaar na die datum van die verkiesing van die beheerliggaam;
- (c) indien daarvan oortuig, die verkiesing as vry en billik verklaar;
- (d) elke verkose lid skriftelik in kennis stel van sy of haar verkiesing; en
- (e) die prinsipaal en die distrikskiesbeampete binne drie dae na die datum van die verkiesing skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die persone wat tot lede verkies is.

(2) Die uittredende beheerliggaam verval wanneer die skoolkiesbeampete die nuutverkose ouerlede afkondig en die verkiesing as vry en billik verklaar.

Eerste vergadering van beheerliggaam

31. (1) Die eerste vergadering van die nuutverkose beheerliggaam moet—

- (a) deur die prinsipaal belê word binne vyf dae nadat hy of sy die kennisgewing beoog in regulasie 30(1)(e) ontvang het;
- (b) binne tien dae ná die verkiesing gehou word;
- (c) onder voorsitterskap van die prinsipaal geskied;
- (d) die beheerliggaam se ampsdraers verkies; en
- (e) die ondertekenaars van finansiële aangeleenthede bepaal.

(2) Die ondertekenaars beoog in subregulasie (1)(e) moet binne sewe dae ná die vergadering beoog in subregulasie (1) tekenregte gegun word.

(3) Die prinsipaal moet onder sy of haar voorsitterskap 'n vergadering met die ampsdraers van die uitgaande beheerliggaam en die ampsdraers van die nuutverkose beheerliggaam belê wat binne sewe dae vanaf die vergadering beoog in subregulasie (1) gehou moet word sodat die oorhandigingsproses kan plaasvind.

(4) Op die eerste vergadering van die beheerliggaam soos beoog in subregulasie (1) moet die ligaam verkies uit sy stemgeregtigde geledere ampsdraers wat minstens 'n voorsitter, ondervoorsitter, 'n tesourier en 'n sekretaris insluit.

(5) Geen lid mag meer as een amp van die beheerliggaam gelyktydig beklee nie, tensy die beheerliggaam uit minder as vyf lede bestaan.

(6) In die omstandighede in regulasie 2(1), (2), (3), (4) en (5) beoog, mag net 'n ouerlid van 'n beheerliggaam met stemreg as voorsitter of ondervoorsitter van die beheerliggaam dien.

(7) Behoudens subregulasie (6) kan enige lid van die beheerliggaam met stemreg, uitgesonder die prinsipaal, as 'n ampsdraer dien.

(8) Behoudens subregulasie (9) beklee die ampsdraers hul ampte vir 'n termyn van 12 maande vanaf hul verkiesing.

(9) 'n Ampsdraer van 'n beheerliggaam kan herkies word as 'n ampsdraer na verstryking van sy of haar ampstermyn, met dien verstande dat hy of sy steeds kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

(10) Waar die amp van 'n ampsdraer om enige rede vakant raak, moet die beheerliggaam op die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het, een van sy lede verkies om die vakature vir die onverstreke ampstermyn van sy of haar voorganger te vul.

(11) Die prinsipaal presideer by 'n verkiesingsvergadering beoog in subregulasies (4) en (10).

(12) Die prinsipaal moet ná 'n vergadering waarop enige ampsdraer ooreenkomsdig hierdie regulasie verkies is, die Departementshoof deur middel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se aanlyn bestuursinligtingstelsel in kennis stel van die datum van die vergadering en van die naam en adres van die persoon wat verkies is en die amp waartoe hy of sy verkies is.

(13) Behoudens regulasies 7 en 30(2), by verstryking van sy of haar ampstermyn moet 'n uittredende ampsdraer sy of haar werksaamhede verrig totdat die nuwe ampsdraer wat hom of haar sal vervang, plaasgevind het, met dien verstande dat die nuwe ampsdraer kwalifiseer om 'n lid van die beheerliggaam te wees.

Komitees

32. (1) Die beheerliggaam —

(a) moet die volgende daarstel—

- (i) 'n finanskomitee;
- (ii) 'n beskikkingskomitee;
- (iii) 'n veiligheids-, sekuriteit- en sakekontinuïteitskomitee; en
- (iv) 'n instandhoudingskomitee; en

(b) mag soveel ander komitees as wat nodig mag wees daarstel.

(2) Behoudens subregulasie (3) kan 'n stemgeregtyde lid as voorsitter van 'n komitee van die beheerliggaam dien.

(3) Die tesourier, en as dit nie moontlik is nie, die ondervoorsitter moet as voorsitter van die finanskomitee fungeer en toesig hou oor enige delegasie van die beheerliggaam wat met finansiële aangeleenthede te make het.

Vergaderings van beheerliggaam

33. (1) Die beheerliggaam moet minstens een keer per skooltermyn vergader.

(2) Die voorsitter van 'n beheerliggaam bepaal ná oorlegpleging met die prinsipaal die datum, tyd en lokaal van 'n vergadering van die beheerliggaam soos beoog in subregulasie (1) en die sekretaris van die beheerliggaam stel elke lid minstens 14 dae voor sodanige vergadering skriftelik daarvan in kennis en stuur 'n sakelys vir daardie vergadering aan.

(3) As die voorsitter van die beheerliggaam van mening is dat 'n aangeleentheid dringende aandag tydens 'n spesiale vergadering vereis, moet die sekretaris van die beheerliggaam vir elke lid minstens 24 uur kennis van die spesiale vergadering gee.

(4) Nie meer as drie aangeleenthede mag ten tyde van 'n spesiale vergadering soos beoog in subregulasie (3) bespreek word nie.

(5) Enigiemand kan op uitnodiging van die beheerliggaam by 'n vergadering van die liggaam teenwoordig wees en aan die bespreking deelneem, maar het nie stemreg nie en verlaat die vergadering wanneer die beheerliggaam 'n besluit neem.

(6) 'n Beheerliggaam kan vereis dat enige opvoeder of nie-opvoeder van die betrokke skool 'n vergadering van die liggaam moet bywoon in verband met enige aangeleentheid wat op die werksaamhede van die beheerliggaam betrekking het.

(7) 'n Kворum vir enige vergadering van die beheerliggaam kom neer op een meer as die helfte van alle stemgeregtige lede van die beheerliggaam.

(8) Behoudens artikel 22 van die Wet en hierdie regulasies bepaal 'n beheerliggaam sy eie reëls betreffende sy vergaderings en die procedures op daardie vergaderings.

(9) 'n Lid van 'n beheerliggaam wat 'n leerder is, mag nie 'n stem uitbring oor enige besluit wat laste op die skool of derde partye oplê nie.

(10) Leerderlede van die beheerliggaam moet vir die duur van die beheerliggaam se vergaderings teenwoordig wees.

(11) Die beheerliggaam moet onderskeidelik met ouers, opvoeders, nie-opvoeders en leerders minstens een keer per jaar vergader.

(12) Geen volmagstemme word by vergaderings van beheerliggame aanvaar nie.

(13) 'n Kворum is, na gelang van die geval, 'n voorvereiste alvorens 'n geldige vergadering van die beheerliggaam 'n aanvang kan neem of voortgesit kan word.

Notule van verrigtinge van vergaderings

34. (1) Die sekretaris van 'n beheerliggaam moet notule hou van die verrigtinge van elke vergadering van die beheerliggaam en verskaf minstens 14 dae voor die volgende vergadering aan elke lid van die beheerliggaam 'n afskrif van die notule.

(2) Die sekretaris van die beheerliggaam moet die prinsipaal van 'n afskrif van die notules voorsien en die prinsipaal moet die notules en ander dokumente van die beheerliggaam op lêer hou.

(3) Op redelike versoek en vir 'n spesifieke doel moet die sekretaris van 'n beheerliggaam die Departementshoof of enige persoon wat na behore deur die Departementshoof aangewys is, van 'n afskrif van die notule voorsien.

(4) Die sekretaris van 'n beheerliggaam moet voorsien, op versoek, 'n ouer van 'n leerder by die skool, 'n opvoeder of 'n nie-opvoeder by die skool van 'n afskrif van die dele van die notule wat betrekking het op die beskerming van sy of haar regte of belang, of die regte of belang van sy of haar kind.

(5) In die omstandighede beoog in subregulasie (4) moet daar geen skending van regte van enige ander persone of verbreking van vertroulikheid wees waar sodanige verbreking nie in die beste belang van die skool of lid van die beheerliggaam, personeellid, ouer of leerder by die skool is nie.

(6) Die notule van 'n vergadering van 'n beheerliggaam of 'n komitee daarvan word op die eersvolgende vergadering van die beheerliggaam of 'n komitee daarvan, na gelang van die geval, vir goedkeuring en ondertekening voorgelê.

(7) By die ontbinding van 'n beheerliggaam of die verstryking van sy ampstermy word alle notules en ander dokumente van die beheerliggaam en enige komitee daarvan aan die prinsipaal van die skool oorhandig.

(8) By die sluiting van 'n skool moet die prinsipaal alle notules en ander dokumente van die beheerliggaam of enige komitee daarvan aan die tersaaklike distrikspresident vir veilige bewaring oorhandig.

(9) Die beheerliggaam moet ten minste een keer per jaar 'n verslag van sy aktiwiteite aan ouers, opvoeders, nie-opvoeders en leerders by die skool voorlê.

Oorgangsbeplings

35. 'n Beheerliggaam by 'n openbare skool wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies geldig saamgestel was ingevolge die Bepaling van die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017, gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 156/2017 in *Provinsiale Koerant* 7810 van 17 Augustus 2017, word geag saamgestel te wees ingevolge hierdie regulasies.

Herroeping

36. Die Bepaling van die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017, gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewing 156/2017 in *Provinsiale Koerant* 7810 van 17 Augustus 2017, word herroep.

Kort titel

37. Hierdie regulasies heet die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021.

AANHANGSEL A

Kennisgewing van Benoemingbekragtigingsvergadering en Verkiesing

Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: _____ EMIS-NOMMER: _____

Kennis geskied hiermee dat:

1. 'n ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormalde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormalde skool bywoon, 'n ander ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormalde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormalde skool bywoon, kan nomineer of die benoeming van enige ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormalde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormalde skool bywoon, kan sekondeer deur die benoeming teen nie later nie as _____ (datum) by die skool te besorg.
2. verskeie benoemingbekragtigingsvergaderings, wat deur ouerkandidate bygewoon mag word, kan gehou word op:
 - (a) _____ (datum) by _____
(plek) _____ (tyd)
 - (b) _____ (datum) by _____
(plek) _____ (tyd)
 - (c) _____ (datum) by _____
(plek) _____ (tyd)

om die volgende sake af te handel:

- (i) alle benoemings te oorweeg;
 - (ii) alle benoemings wat nie verkiesbaar is nie, te verwerp; en
 - (iii) 'n lys van ouerkandidate op te stel wat as genomineerde verkiesbaar is.
3. Die kieserslys van ouers, wat gegrond is op die skool se toelatingsregister, sal by die skool ter insaê lê vanaf _____ (datum) _____ (tyd), en 'n ouer het die reg om tot _____ (datum) _____ (tyd) 'n geskil by die skoolprinsipaal aanhangig te maak. Die prinsipaal sal alle geskille vóór die bekendmaking van die kieserslys teen _____ (datum) oorweeg. Geen name sal na _____ (datum) bygevoeg word nie.
4. Enige persoon kan 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte _____ (naam en van) aanteken teen 16:00 op _____ (datum).

5. Verkiesings sal gehou word op _____ (datum), by _____ (plek), en die stemlokale sal om _____ (tyd) open en om _____ (tyd) sluit en sal vir die volgende tydsgleue (in die geval van 'n handmatige verkiesing) oop wees:
-
-
-
-
-

Hierdie verkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word egter genomineer word.

6. Opvolgverkiesings kan gehou word op _____ (datum), by _____ (plek), en die lokaal sal om _____ (tyd) open en om _____ (tyd) sluit en sal vir die volgende tydsgleue (in die geval van 'n handmatige verkiesing) oop wees:
-
-
-
-
-

Hierdie opvolgverkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word egter genomineer word en 'n kworum nie ten tyde van die vorige verkiesing behaal is nie.

7. Tel van stembriewe, nadat 'n kworum behaal is, sal gehou word op _____ (datum), by _____ (plek), kort nadat stemming by die verkiesing gesluit het en genomineerde kan hierdie sessie bywoon.
8. Tel van stembriewe sal gehou word op _____ (datum), by _____ (plek), kort nadat stemming by die opvolgverkiesing gesluit het en genomineerde kan hierdie sessie bywoon.
9. U word hiermee daaraan herinner om—
 (a) 'n vorm van identifikasie saam te bring om u toe te laat om te stem. Die vorm van identifikasie moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake, of 'n permit in die geval van 'n buitelander uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002) wees; en
 (b) ag te slaan op die volgende faktore wanneer ouerkandidate genomineer en verkies word:
 (i) die beginsel van billikheid;
 (ii) die behoefte om werk te maak van die onregte van die verlede; en
 (iii) die behoefte aan verteenwoordiging.

10. As die getal genomineerde kandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, sal kandidate geag word as verkose lede van die beheerliggaam.
11. As die getal ouerkandidate wat genomineer word minder is as die getal lede wat verkies moet word, sal die skoolkiesbeampte versoek date addisionele ouerkandidaat genomineer word.

DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES:

AANHANGSEL B**BENOEMINGSVORM****Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam**

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: _____

VOORSTELLER:

Ek, _____,
(Volle naam)

van _____ (woonadres)

as 'n ouer van 'n leerder van die bogenoemde skool, stel hiermee

(Volle naam van kandidaat)

voor as 'n lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool.

HANDTEKENING VAN VOORSTELLER

SEKONDANT:

Ek, _____,
(Volle naam)

van _____ (woonadres)

as 'n ouer van 'n leerder van die bogenoemde skool, sekondeer hiermee die voorstel dat

(Volle naam van kandidaat)

as 'n lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool benoem word.

HANDTEKENING VAN SEKONDANT

KANDIDAAT:

Ek, _____
(Volle naam)

met PERSAL-/PERSONEELNOMMER _____,

van_____
(Woonadres)

verklaar hiermee dat ek ten volle daarvan bewus is dat —

1. Ek nie as 'n lid van 'n beheerliggaam benoem of aangestel kan word nie of dat my lidmaatskap beëindig sal word indien ek—
 - (a) te eniger tyd deur 'n gereghof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor ek 'n opgeskorte vonnis sonder die keuse van 'n boete gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is, tensy ek kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (b) verklaar is as ongesik om met kinders te werk ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), of die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);
 - (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n gereghof;
 - (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
 - (e) (in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), uitgesonder die prinsipaal), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagrawe (i) tot (iii) gekry het, tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;

- (f) (in die geval van 'n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is), skuldig bevind is aan wangedrag en—
(i) sonder betaling geskors is;
(ii) gedemoveer is; of
(iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagraphe (i) en (ii) gekry het,
tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of
aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
- (g) nie 'n kind het wat as 'n leerder by die betrokke skool ingeskryf is nie en nie 'n versorger is
van 'n kind wat as leerder by die skool ingeskryf is nie.
2. Ek verklaar voorts, gegrond op die punte gelys in (1) hierbo, dat ek nie onbevoeg is om benoem te word om op die beheerliggaam van 'n skool onder toesig van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement te dien nie.
3. Ek verklaar voorts dat ek daartoe instem om deur 'n geakkrediteerde keuringsagentskap gekeur te word om voldoening aan punt (1) hierbo te bepaal, indien ek tot die beheerliggaam verkies word en 'n aantyging gegrond op punt (1) teen my gemaak word.
4. Ek verklaar voorts dat, nadat punte (1), (2) en (3) hierbo oorweeg is, ek die bogenoemde benoeming na behore aanvaar.

HANDTEKENING VAN KANDIDAAT


Ek, _____,
(Volle naam)

die ondergetekende, verklaar hiermee dat hierdie benoeming aanvaar / verwerp is.
(Skrap wat nie van toepassing nie)

DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

Bring asseblief die stempel van die kantoor van die skoolkiesbeampte aan



STAMP

AANHANGSEL C

Kennisgewing van Benoeming- en Verkiesingsvergadering

Verkiesing van Opvoeders / Nie-opvoeders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 24, 25 en 26 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: _____ EMIS-NOMMER: _____

Kennisgewing geskied hiermee dat 'n vergadering vir die benoeming en verkiesing van kandidate vir die verkiesing van _____ (opvoeders / nie-opvoeders) as lede van die beheerliggaam vir die bogenoemde skool gehou sal word op _____(datum) om_____ (tyd) by _____(plek). Indien 'n kworum nie behaal word nie, sal 'n opvolgvergadering gehou word op _____ (datum) om _____ (tyd).

Daar sal om _____ (tyd) op die dag van die benoeming- en verkiesingsvergadering bepaal word of genoeg opvoeders / nie-opvoeders wat stemgeregtig is teenwoordig is sodat die vergadering kan voortgaan. Opvoeders / nie-opvoeders word derhalwe aangemoedig om die vergadering by te woon.

Daag asseblief voor _____ (tyd) vir die vergadering op.

'n Kandidaat kan by die vergadering benoem word of deur hoogstens sewe dae voor die bogenoemde vergadering 'n benoemingsvorm wat na behore deur 'n voorsteller, 'n sekondant en die kandidaat ingeval is by die skolkiesbeampte in te dien. Vir hierdie doel sal benoemings by die skool aanvaar word vanaf _____ (datum) tot _____ (tyd) op _____ (datum).

As die getal kandidate wat benoem is gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, sal die kandidate as na behore verkose lede van die beheerliggaam geag word.

As meer kandidate benoem word as die getal lede wat verkies moet word, sal 'n stemming gehou word nadat die benoemings ingedien is.

DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES:

AANHANGSEL D**BENOEMINGSVORM**

Verkiesing van Opvoeders / Nie-opvoeders tot die Beheerliggaam

(*Regulasies 24, 25 en 26 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021*)

NAAM VAN SKOOL: _____

VOORSTELLER:

Ek, _____,
(Volle naam)

van _____ (Woonadres)

as 'n opvoeder / nie-opvoeder van die bogenoemde skool, stel hiermee

_____ (Volle naam van kandidaat)

voor as 'n lid van die beheerliggaam van die bogemelde skool.

HANDTEKENING VAN VOORSTELLER

SEKONDANT:

Ek, _____,
(Volle naam)

van _____ (Woonadres)

as 'n opvoeder / nie-opvoeder van die bogenoemde skool, sekondeer hiermee die voorstel dat

_____ (Volle naam van kandidaat)

as 'n lid van die beheerliggaam van die bogenoemde skool benoem word.

HANDTEKENING VAN SEKONDANT

KANDIDAAT:

Ek, _____
(Volle naam)

met PERSAL-/PERSONEELNOMMER _____,

van _____
(Woonadres)

verklaar hiermee dat ek ten volle daarvan bewus is dat—

1. Ek nie as 'n lid van 'n beheerliggaam benoem of aangestel kan word nie of dat my lidmaatskap beëindig sal word indien ek—
 - (a) te eniger tyd deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor ek 'n opgeskorte vonnis sonder die keuse van 'n boete gekry het of tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is, tensy ek kwytskelding gekry het of die tydperk van opskorting of gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (b) verklaar is as ongeskik om met kinders te werk ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), of die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007);
 - (c) geestesongesteld is en as sodanig verklaar is deur 'n geregshof;
 - (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
 - (e) (in die geval van 'n opvoeder wat aangestel is ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), uitgesonder die prinsipaal), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) beboet is;
 - (ii) sonder betaling geskors is;
 - (iii) gedemoveer is; of
 - (iv) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagraphe (i) tot (iii) gekry het, tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het;
 - (f) (in die geval van 'n nie-opvoeder wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), of deur die beheerliggaam aangestel is), skuldig bevind is aan wangedrag en—
 - (i) sonder betaling geskors is;
 - (ii) gedemoveer is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die strawwe beoog in subparagraphe (i) en (ii) gekry het, tensy die tydperk van my straf minstens drie jaar voor die datum van my benoeming of aanstelling as 'n lid van die beheerliggaam verstryk het.

2. Ek verklaar voorts, gegrond op die punte gelys in (1) hierbo, dat ek nie onbevoeg is om benoem te word om op die beheerliggaam van 'n skool onder toesig van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement te dien nie.
3. Ek verklaar voorts dat, nadat punte (1) en (2) hierbo oorweeg is, ek die bogenoemde benoeming na behore aanvaar.

HANDTEKENING VAN KANDIDAAT

OF

(INDIEN VOORGESTEL TEN TYDE VAN BENOEMING- EN VERKIESINGSVERGADERING EN
NIE AANWESIG OM DIE BENOEMINGSVORM TE VOLTOOI NIE)

Ek, _____,
(Volle naam)

verklaar dat skriftelike bewyse ter bevrediging ingedien is dat die voormalde kandidaat, wat nie die benoeming- en verkiesingsvergadering bygewoon het om die benoemingsvorm in te vul nie, indien verkieς, bereid sal wees om as 'n lid van die beheerliggaam te dien.

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

Hierdie benoeming word aanvaar / verwerp.
(Skrap wat nie van toepassing nie)

DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

Bring asseblief die stempel van die kantoor van die skoolkiesbeampte aan

STAMP



ISAZISO SEPHONDO

SESEBE LEMFUNDU KWIPHONDO LENTSHONA KOLONI

I.S. 15/2021

22 kweyoMdumba 2021

**IMIGAQO ESAQULUNQWAYO YEENKQUBO ZOKUMISELWA NOKONYULWA
KWAMABHUNGA OLAWULO KWIZIKOLO ZIKAWONKEWONKE, 2021**

UMphathiswa weMfundu kwiSebe lePhondo kwiNtshona Koloni, phantsi kwesahluko 24, xa sifundwa nesahluko 63, somthetho wezeMfundu weZikolo zePhondo leNtshona Koloni, ka-1997 (UMthetho 12 ka-1997), uceba ukumisela le migaqo ithiwe thaca kule Shedyuli.

ISHEDYULI

UKUHLENGAHLENGISWA KWEMIGAQO

Imigaqo

1. Iingcaciso
2. Ukwakhiwa kwebhunga lolawulo
3. Ukungalungeli ukuba lilungu lebhunga lolawulo kwakunye nokungamkeleki ukuba lilungu lebhunga lolawulo
4. Ukuphonononga
5. Ixesha lokusebenza kwamalungu ebhunga lolawulo
6. Izikhewu kwibhunga lolawulo
7. Ukuchithwa nokuphinda kumiselwe ibhunga lolawulo
8. Ilungelo lokuvota
9. Iindlela zonyulo
10. Igosa lonyulo lesikolo
11. Imisebenzi yegosa lonyulo kwisikolo
12. Imisebenzi yegosa lonyulo kwisithili
13. Imisebenzi yomlungelelanisi wonyulo kwiphondo
14. Indlela Yokuziphatha
15. Usuku, ixesha kwakunye nendawo yentlanganiso yokuqinisekisa utyunjo kwakunye nokonyulwa kwamalungu angabazali
16. Isaziso sentlanganiso yokuqinisekisa utyunjo nokonyulwa kwamalungu angabazali
17. Uluhlu lwabavoti
18. Inkqubo yotyunjo
19. Ukuvota kunyulo lwamalungu angabazali
20. Indima yesikolo ekukhetheni unyulo nge intanethi
21. Inkqubo yotyunjo kunyulo oluqhutywa nge intanethi
22. Ukuvota kunyulo oluqhutywa nge intanethi
23. Ukubalwa kweevoti kunyulo oluqhutywa nge intanethi
24. Intlanganiso yotyunjo nonyulo lwamalungu angabahlohl
25. Ukuvota kunyulo lwamalungu angabahlohl
26. Utyunjo nonyulo lwelungu elingengomhlohl

27. Utyunjo nonyulo lwamalungu angabafundi
28. Izigqibo zegosa lonyulo kwisikolo
29. Izigqibo zegosa lonyulo kwisithili
30. Inkqubo emva konyulo lwebhunga lolawulo
31. Intlanganiso yokuqala yebhunga lolawulo
32. Iikomiti
33. Intlanganiso yebhunga lolawulo
34. Imizuzu yeenkqubo zeentlanganiso
35. Imigaqo yethutyana
36. Ukubhangiswa
37. Isihloko esifutshane

Iingcaciso

1. Kule migao, ngaphandle kwaxa kuthe kwachazwa ngahlobo lumbi, naliphi na igama okanye imvakaliso enikwe intsingiselo ngokwalo Mthetho liza kuba nentsingiselo eliyinikiwego yaye, ngaphandle kokuba imeko ikhokelela kwelinye icala,—

